Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2017

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 NASIENRIGLYN

PUNTE: **80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.

- Penalisering geskied slegs as die spelling van die kernwoord die antwoord se betekenis verander.

- As ’n taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.

- Indien ’n spelfout die betekenis van ’n eenwoord-antwoord verander, word geen punt toegeken nie.

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.

- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.

- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.

- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ’n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ... .

- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee ’n hele reeks:
  - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.

- Indien ’n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.

- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.

- Aanvaar dialektiese variasies.

- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: ARTIKEL

TEKS A (PROSA): INSPIRERENDE SWEMMER GAAN HAAR LIG DEUR HAAR STUDIES SKYN(675 woorde)

[Aangepas en verwerk uit http://potchefstroomherald.co.za/4040/inspirerende-swemmer-gaan-haar-lig-in-studies-skyn/]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
1.1	Erge ✓	(1)	2
1.2	Sy was positief en het dinge gedoen / het passie en geloof gehad / geen selfbejammering nie /✓ terwyl ander fisies gestremdes negatief is, hulself jammer kry en niks wil doen nie. ✓ (Vergelyking – beide moet genoem word om 2 punte te verdien anders word geen punte toegeken nie.)	(2)	4
1.3	... maar nou wil sy haar fokus op ’n lewe na swem plaas ... ✓	(1)	2
1.4	Sy voel dat sy al so baie (in die lewe) geseën is / sy wil hê dat ander ook spesiale kanse moet ervaar wat sy (in haar werk en as pasiënt) geniet het / sy wil nuwe hoop gee. ✓	(1)	3
1.5	God het dit toegelaat sodat sy ander mense kan inspireer. ✓✓ **OF** Sy wil mense motiveer en ’n verskil maak. ✓✓ of Sy wil hulle help om hul probleme en gestremdhede te oorkom. ✓✓ (Kandidate mag nie direk aanhaal nie – perspektiefverskuiwing)	(1)	2
1.6	af en toe ✓	(1)	5
1.7	Sy wil wys dat ’n gestremdes ook ’n lewe kan hê. ✓ Sy wil ’n voorbeeld wees vir kinders. ✓ Sy wil wys dat gestremdes ook net gewone mense is met drome. ✓ Sy wil wys dat gestremdes nie ’n minder mens as ander mense is nie. ✓ Sy wil ander mense motiveer (vir ’n beter lewe). ✓ (Enige een of soortgelyk)	(1)	3

Kopiereg voorbehou

1.8	Sy hou tans die Afrika rekord in die 50 m vlinderslag, 200 m vryslag en 200 m individuele medley / verskeie slae. ✓		(1)	2
1.9	Om aan die (2008) Paralimpiese Spele deel te neem. ✓		(1)	1
1.10	Sy wil uit swem uittree. ✓		(1)	1
1.11	Droom – werklikheid ✓		(1)	1
1.12	1.12.1	konnotatiewe betekenis ✓	(2)	3
	1.12.2	Die lewe het ook maar sy moeilikhede. ✓ (Of soortgelyk)	(1)	1
1.13	Sy het swem as ’n stokperdjie begin. ✓		(1)	5
1.14	Saam met haar glo / glo dat sy dit sal kan doen / glo dat sy suksesvol sal wees. ✓		(1)	1
1.15	Met haar kennis in biokinetika wil sy gestremdes help om meer vir hulself te kan doen / om ’n vol lewe te lei (ten spyte van hul struikelblokke). ✓		(1)	1
1.16	1.16.1	Lewe deur beweging / menslike beweging ✓	(1)	1
	1.16.2	Beweging is belangrik vir gestremdes en as jy meer van beweging kan leer, kan jy gestremdes help om makliker te beweeg. ✓	(1)	5
1.17	NWU Pukke ✓		(1)	1
1.18	Gestremdheid / hoe gestremdes hulle uitdagings kan oorkom ✓		(1)	6
1.19	’n Gestremde persoon / atleet wil haar studies gebruik om iets vir ander mense te beteken / ander mense help / swemmer gaan haar potensiaal met behulp van haar studies verbeter / ander help. ✓		(1)	3

Kopiereg voorbehou

TEKS B: INLIGTING OOR MISDAAD IN DIE OOS-KAAP [Bron: SAPD]			
Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.			
1.20	Mense word doodgemaak / vermoor / begrawe. ✓	(1)	1
1.21	In blok 5 wys die vuis met kettings dat die doel is om ernstig te beseer terwyl blok 6 net ’n gewone aanranding is (sonder om ernstig te beseer). ✓ (Vergelyking – beide moet genoem word om 1 punt te verdien anders word geen punte toegeken nie.)	(1)	3
1.22	C Moord A Poging tot moord B Motorkapings ✓ (Al drie korrek vir ’n punt)	(1)	2
1.23	Die pyltjies wat af wys dui op ’n daling / die pyltjies wat op wys dui op ’n styging. ✓	(1)	3
1.24	Die deel handel oor motorkapings. ✓	(1)	2
1.25	ongerus ✓	(1)	3
1.26	SAPD / Suid-Afrikaanse Polisiediens ✓	(1)	1
	TOTAAL AFDELING A:	**30**	

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: OPSOMMING

ALGEMEEN

- Lees die hele opsomming om ’n geheelindruk te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Som die feite sovêr as moontlik in jou eie woorde op.
- Kandidate hoef nie ’n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE ’N PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE DIREKTE AANHALINGS NIE:
Die hoofgedagte kan in ’n volsin of in ’n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.

Puntetoekenning:
1–3 feite korrek: 1 punt
4–5 feite korrek: 2 punte
6–7 feite korrek: 3 punte

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:
LET WEL: Die hoofgedagte kan in ’n volsin of in ’n sinsnede aangebied word, SOLANK DIT SINVOL IS.

Puntetoekenning:
6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
1–5 aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)

Feit	7
Taal	3
Totaal	10

Kopiereg voorbehou

LET WEL:
Formaat:
- Selfs al word die opsomming in die verkeerde formaat aangebied, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

Woordtelling:
- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), sien tot aan die einde van die volsin na.
- **Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie**.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- **Indien die maksimum woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**

VRAAG 2: SELFOONETIKET

OPDRAG: Som die sewe **aspekte van selfoonetiket** in SEWE VOLSINNE op.
- **Daar kom 7 moontlike feite in die leesstuk voor.**

Die aangeduide sinne kan moontlik direk aangehaal word.

SEWE ASPEKTE VAN SELFOONETIKET	
1. Jy leer al van kleins af goeie maniere sodat jy maklik met ander mense oor die weg kan kom. Maar onthou, goeie maniere geld ook vir jou slimfoon!	Geen relevante feite nie.
2. Voor jy enige boodskap, video of foto stuur, kyk weer daarna en besluit: Is dit waar, en is dit nodig om dit te stuur? Sal dit iemand goed of sleg laat voel, iemand help of seermaak? **Dink daarom twee keer voor jy iets stuur of sê**	Dink voor jy enige media stuur. Moenie ander mense sleg laat voel / seermaak met jou boodskappe nie.
Dis lekker om op WhatsApp-groepe vir al jou maats op een slag 'n boodskap te kan stuur, maar dink mooi voor jy deel word van groepe. **Soms word dit misbruik om oor ander te skinder of om iemand te boelie**.	Moenie andere boelie nie / oor ander mense skinder nie.

3. **Stuur jou laaste boodskap voor 20:00 in die aand.** Die meeste mense begin dan rustig raak en gereed te maak vir aand. Dit is dan ongeskik om laat in die aand boodskappe te stuur.	Moenie boodskappe na 20:00 stuur nie / stuur boodskappe voor 20:00.
Gee iemand tyd om op jou boodskap te reageer, want dis onredelik om dadelik 'n antwoord te verwag. Moet nooit ongeduldig die ander persoon aanhoudend *ping* nie.	Moenie ongeduldig wees nie / gee tyd om te reageer.
4. **Wees altyd bedagsaam.** Onthou om goeie maniere te gebruik, of jy nou WhatsApp, SMS of op Facebook met iemand gesels.	Neem ander mense in ag / gebruik goeie maniere.
Moenie musiek kliphard op jou foon speel nie. Dit gaan hier net oor respek vir die mense wat naby is.	Respekteer ander mense om jou / moenie harde musiek op ou foon speel nie.
Kuier met jou maats wanneer hulle by jou is en gesels met die ander mense aan tafel as julle eet. **Dit is goed om jou foon soms uit te los**. Dit is ook ongeskik om met jou foon te peuter terwyl jy in geselskap is.	Los jou foon by tye uit.
[Aangepas en verwerk uit http://www.hoezit.co.za/ekvoel/2016/9/9/slimfoon-etiket]	

TOTAAL AFDELING B: 10

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: TAAL

ASSESSERINGSRIGLYNE

WOORD- EN SINSTRUKTURE

- **Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek wees om punte te verdien**.
- Die standaardvariant geld.
- Wanneer slegs een woord as antwoord gevra word, kry die kandidaat geen punt(e) indien die opdrag nie uitgevoer is nie. (Kandidate moet nie die hele sin skryf nie, indien daar gevra word om net die woord te skryf.)
- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie **indien anders vereis word – veral met eenwoord-antwoorde**; behalwe waar spelling getoets word.
- Taalfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie ook korrek wees om ’n punt te verdien.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, moet die hele sin uitgeskryf word.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- **Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.**

VRAAG 3: ADVERTENSIE

TEKS D

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
3.1	Shoprite Checkers is medeborg ✓ **OF** Intekenare kan sulke eetgoed by Shoprite Checkers (met hul e-geskenkbewys) koop. ✓	(1)	3
3.2	Dit is groot geskryf / dit is in ’n groot font geskryf. ✓ **OF** Dit is in ’n vyfkant / pentagoon gedruk. ✓ **OF** Die woord “plus” is in hoofletters geskryf. Dit verskyn in die middel van die advertensie. ✓ **OF** Dit het ’n swart agtergrond. ✓	(1)	3

3.3	Maklik om te ontvang ✓ óf Gebruiks- OF omgewingsvriendelik ✓ óf Geen besoedeing nie. ✓ óf Vinniger met baie mense korrespondeer ✓	(1)	3
3.4	Elektroniese (korrekte spelling) ✓	(1)	1
3.5	Daar is ’n prentjie van die koerant (links onder op die advertensie) gedruk. ✓	(1)	3
3.6	B Jy moet aan die reëls en regulasies voldoen. ✓	(1)	3
3.7	Wat is jou naam en **van**? ✓	(1)	1
3.8	’n SMS moet (deur jou) na *Rapport* gestuur word. ✓	(1)	1
3.9	Dit maak die advertensie persoonlik. ✓	(1)	3
3.10	Verniet ✓ kosteloos ✓ vry ✓	(1)	1
		[10]	

VRAAG 4: STROKIESPRENT

TEKS E

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
4.1	Ding Dong ✓ of Musieknoot ✓	(1)	3
4.2	Wow ✓	(1)	1
4.3	Geskenk ✓	(1)	1
4.4.1	Beletseltekens ✓ of Stippels ✓ of Ellips ✓ of Die drie ... ✓	(1)	3
4.4.2	Die koek het ontplof. ✓ **OF** Die koek het gebars. ✓ **OF** Die koek het ge“pop”. ✓	(1)	3
4.5	Hy glimlag / lag. ✓ OF Sy gesisguitdrukking. ✓	(1)	3
4.6	Garfield het haar blomme verniel. ✓	(1)	3

4.7	Mev. Prins het **nog nie** vir ons 'n koek present gegee **nie.** ✓ (Alles reg vir 'n punt)	(1)	3
4.8	Die spraakborrel wys na buite die prentjie. ✓ OF Die spraakborrel wys nie na Garfield nie. ✓	(1)	3
4.9	Het Garfield ook haar Asters afgebreek?	(1)	3
		[10]	

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT			
TEKS F			
VRAAG	**MEMORANDUM**	**PUNT**	**DENK-VLAK**
5.1	Tieners misbruik drank. ✓	(1)	6
5.2	Dit word as "*cool*" beskou om te drink **daarom kom** drankmisbruik onder tieners al meer voor. ✓	(1)	6
5.3	Koel ✓	(1)	1
5.4	Dronk wees. ✓ **OF** Te veel gedrink. ✓	(1)	3
5.5	Tieners **het** goed op skool **gevaar toe** hulle nie drank misbruik **het** nie. ✓ (Alles korrek vir 'n punt)	(1)	3
5.6	Regte / goeie ✓	(1)	1
5.7	Tieners sê dat gesinslede met mekaar **moet** praat. ✓ (Alles korrek vir 'n punt)	(1)	3
5.8	Kommunikasie binne die gesin sal belangrik wees. ✓ (Alles korrek vir 'n punt)	(1)	3
5.9	Dronk ✓ (Korrekte spelling)	(1)	6
5.10	Minderjarige ✓ (Korrekte spelling)	(1)	3
5.11	Tieners drink **elke dag** **baie drankies na mekaar** **by die Spaza** om goed te voel. ✓ (Alles korrek vir 'n punt)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
5.12	Probleme ✓ (Korrekte spelling)	(1)	1
5.13	Drank is ’n manier om van spanning ontslae te raak. ✓ (Alles korrek vir ’n punt.)	(1)	6
5.14	**Nee**, tieners moet asseblief nie sakgeld kry nie. ✓ (Die vraag moet beantwoord word. (Alles korrek vir ’n punt.)	(1)	3
TEKS G			

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
5.15	slapende ✓	(1)	1
5.16	muisie ✓	(1)	1
5.17	piepklein ✓	(1)	1
5.18	los / vry / gaan / weggaan ✓	(1)	1
5.19	harder ✓	(1)	1
5.20	afbyt ✓	(1)	1
	TOTAAL AFDELING C:		**40**
	GROOTTOTAAL:		**80**

Kopiereg voorbehou